Hoërskool De Aar High School

Waardegedrewe / Value driven

Nuus / News

3 / 2017 29 September 2017

Skoolhoof / Principal: **Mnr. J.C. Koen**

Tel: **053-631-3691 / 631-3332** Fax: **053-631-0964**
Webwerf: **www.hsda.co.za** Email address: **admin@hsda.co.za**

Waardes / Values

H - **Hardwerkend / Hard-working**

S - **Selfrespek / Self-Respect**

D - **Deursettingsvermoë / Determination**

A - **Ambisie / Ambition**

U, as ouer/voog, word asseblief versoek om hierdie waardes met u kind te bespreek om te verseker dat u kind die waardes in Hoërskool De Aar uitleef.

We kindly ask that you as parent / guardian will discuss these values with your child, in order to ensure that he / she lives according to these values at De Aar High School.

EREKLEURE

Dr Boet Troskie en adv Dries du Plooy met erekleurebaadjies wat deur Hoërskool De Aar aan hulle oorhandig is vir hul onbaatsugtige bydrae vir baie jare tot die skool.

Dr Boet Troskie

Adv Dries du Plooy

Akademiese prestasies

Baie geluk aan die volgende vyf toppresteerders per klasgroep vir die September 2017 eksamen:
Congratulations to the following five top achievers per class group for the September 2017 examination:

Graad 12 B	%	**Graad 12 K**	%
Amoré Barnard	80.71	Madré Blignaut	73.43
Stephan Myburgh	76.86	Charlene Visser	72.71
Ryan Swart	72.57	Tania Wessels	65
Chandré Ebersohn	71.71	Sonja Geel	64.43
Bianca Smith	69.86	Diana Wessels	64.29

Graad 11 B	%	**Graad 11 V**	%
Likhona Macklein	81.29	Glenodene Makaleni	80.14
John-Polo Sequeira	80.71	Emeka Arika	75.57
Nomtha Thobi	76.86	Armand vd Mescht	73.29
Lara McGee	73.86	Laurika Leeuw	73.14
Tiaan Duthie	71.14	Juan-Pierre Swart	71.86

Graad 10 B	%	**Graad 10 C**	%	**Graad 10 V**	%
Vuyokazi Mdebuka	78.45	Mari Pretorius	79.57	Daniël du Toit	91.57
Lizo Sibeko	71.72	Jacqued Horn	73	Surina Le Roux	84.86
Babalwe Mdebuka	64.43	Caydall Lourens	72.71	Enchanté du Preez	84.71
Anda Johns	62.86	Andile Mfundisi	71	Bernard Venter	84.43
Lutho Albanie	61.57	Rowan Konstabel	68.57	Christie Venter	79.43
		Mouritz Erasmus	68.57		

Graad 9 D	%	**Graad 9 J**	%	**Graad 9 K**	%
Cara Clark	88.11	Brumilda Swanepoel	68.78	Clodelle Menne	93.11
Rushinn Geduld	75.44	Me-Chandré De Bruyn	66.33	Amey Duvenhage	85.89
Ewan MacDonald	72.78	Sibabale Njonkweni	61	Anlie Human	83.44
Christiaan Kolesky	72.11	-	-	Johan Duvenhage	83.22
Abigail Johnson	71.78	-	-	Montelle Booysen	80.11

Graad 8 B	%	**Graad 8 S**	%	**Graad 8 V**	%
Marlu De Klerk	85.22	Atin Julius	71.22	Megan Bosman	87.89
Monice Daniëls	81.67	Michaela Appolis	69.33	Michelle Louw	85.78
Jade Bruiners	76.11	Ayola Cube	67.67	Christine De La Querre	83.78
Lee-Gre Horn	76	Inam Dyantyi	66.56	Emily Hammond	83.44
Zimkhitha Silo	76	Leigh-Ronn Matroos	61	Akhanya Mbalula	82.44

Prestasietoekenningsgeleentheid

Hierdie spoggeleentheid, waar al ons presteerders vereer word, vind op **12 Oktober 2017** om **19:00** plaas. Alle volwassenes word na afloop van die geleentheid uitgenooi om iets ligs in die Ondersteunersklub te geniet.

Budget Meeting

We hereby inform you of a parents' meeting on 23 October 2017 at 17:30. During this meeting, we wish to discuss, as well as finalize the budget for 2018. The budget will be open for inspection at Mrs Myburgh's office during office hours from 9 October 2017.

Responsibility of school, SGB and staff regarding attendance of school and school activities by learners

The school would like to notify you that the above mentioned stakeholders' responsibility for learners start 15 minutes before and after school, should an emergency arise.

The staff involved with extramural activities are as indicated on the timetable. The learners all have cellphones and the coaches/drivers will be available on the terrain 15 minutes after the bus had arrived.

Please take note that outside of these times parents must accept responsibility for their children/s safety.

Your cooperation in this regard is highly apreciated.

HSDA Boet Troskiedag 2017 'n formidabele crescendo!

Soos die gebruik reeds vir baie jare bestaan, het Hoërskool De Aar die jaarlikse Boet Troskiedag weer by Hoërskool De Aar op Dinsdag 1 Augustus 2017 aangebied.
Die Boet Troskiedag 2017 sal in die skool en dorp aangeteken staan as 'n formidabele crescendo toe dr. Boet Troskie, die welbekende Bloemfontein Kinderkoor na die Hoofdorp van die Bo-Karoo gebring het, sodat sy Alma Mater 'n kultuur en sang belewenis kon ervaar.
Met groot opgewondenheid het genooide eregaste van Hoërskool De Aar reeds Maandagmiddag begin aankom. Dié eer val Boet Troskie te beurt wat een van Hoërskool De Aar se suksesvolste sakemanne is wat die skool nog opgelewer het.

Gaste wat spesiaal genooi is vir die geleentheid is dr. Boet Troskie se kinders, naamlik Jaco, Elna en Jamie asook sy eggenoot Tracey Troskie, haar dogter, Shannon-Lee Kotzé en broerskind, mnr Kosie Troskie, Dries du Plooy, Huibrie Verster (dirigent), Anton Esterhuyze (begeleier), die Bloemfontein Kinderkoor en hulle beskermheer, Johan Gunter en ander eregaste.

Die rooi tapyt is vir die Troskie egpaar uitgerol en hulle is op luisterryke wyse deur die Skoolhoof, mnr. Johan Koen en lede van die Beheerliggaam, ontvang. 'n Erewag deur leerders vir die eregaste van die skool, 'n massavertoning en wapperende vlae het die Troskies en eregaste begroet. Ter wille van Boet, wat lief is vir vliegduiwe, is 'n aantal duiwe losgelaat. Die skoollied is spontaan deur almal gesing. Die hoofseun, Stephan Myburgh en hoofdogter, Amoré Barnard, het vir die Troskies lapelruikers aangesteek. Ouboet, soos wat Hoërskool De Aar se leerders vir dr. Troskie (met sy toestemming) aanspreek, was vir 23 jaar die Beskermheer van die Bloemfontein Kinderkoor. Gedurende hierdie tyd het hy die koor wonderlike geleenthede gebied en aan internasionale optredes hier en oorsee blootgestel. Geleenthede wat vir baie leerders moontlik as die hoogtepunt van hul lewe sal uitstaan. Boet tree uit as Beskermheer van die koor en sluit sy seisoen by die koor af op 'n baie hoë noot. 'n Geleentheid wat hy met sy Alma Mater en diegene naaste aan hom, kom deel het.

Die Bloemfontein Kinderkoor, onder leiding van Huibrie Verster, het 'n baie spesiale uitvoering gelewer en dr. en me Troskie se gunsteling lied "Amazing Grace" met oorgawe gesing asook ander sangitems gelewer, waarvoor hulle staande toegejuig is. Johan Gunter van Radio Rosestad is die nuwe Beskermheer van die kinderkoor en hy is bedank vir sy groot aandeel om die klank te reël wat so perfek gedoen was. Verversings is daarna in die ondersteunersklub aan al die gaste voorgesit en daar is gesellig met die personeel en lede van die Beheerliggaam gekuier. Hier het mnr. Johan Koen erekleurebaadjies van die Hoërskool De Aar aan dr. Boet Troskie en advokaat Dries du Plooy oorhandig vir hulle onbaatsugtige bydrae vir baie jare tot die skool.

Dries du Plooy het hierna groot dank en waardering uitgespreek vir die groot eer wat hom aangedoen is om aangestel te word as die "Beskermheer van Hoërskool De Aar" en gesê hy sal die erekleurebaadjie van die skool met trots dra. Vir 57 jaar was hy nou betrokke by die skool en sy werksaamhede.
Gedurende die tweede helfte van die program het die pompom dansers en HSDA se dramagroep opgetree.

Die Troskies en eregaste is daarna vir 'n middagete op 'n Karoo plaas getrakteer. Dit was weereens, soos in die verlede, 'n baie suksesvolle dag. Die feit dat ons die koor plaaslik kon sien én hoor is 'n droom wat 'n werklikheid geword het.

Verwerk: Die Echo

Schoolfees / Skoolfonds

We want to thank each parent/guardian who regularly and punctually keep to their compulsory agreement regarding the payment of school fees.

De Aar High School is a Quintile 5 school, according to the Northern Cape Department of Education. This entails two very important implications:

- A Quintile 5 school is classified as the wealthiest of schools. For the financial year 1 January 2017 to 31 December 2017 De Aar High School received a meagre R59 969 from the Northern Cape Department of Education as financial allocation (money given by the NCDOE to De Aar High School).
- Secondly, and most importantly, you as parent/guardian need to know that De Aar High School may and must charge school fees in order to survive. Quintile 1 & 2 schools may not charge school fees, but you chose to enroll your child at De Aar High School, for many valid reasons. However, this decision comes at a cost and responsibility. One of these is, to regularly pay school fees. If you cannot comply to this, you are welcome to enroll your child at another school fee-free school. We want to believe that it is an **honour** and a value for you to be a proud parent of De Aar High School and to pay what is due to the school.

There is legislation, that is honoured by the SGB in this regard, in terms of school fee exemption.
The following additional arrangements were approved by the Governing Body with immediate effect, in order to ensure the punctual payment of school fees.

- No transfer documentation will be released if there are any outstanding arrears. E.g. for sport, outstanding textbooks or school fees.
- No testimonial or reference certificates will be released, in case of any arrears. E.g. for sport, outstanding textbooks or school fees.
- **Grade 12 learners with outstanding arrears will not be able to attend the Matric Farewell and will not receive their matric jackets.**
- You as parent/guardian receives an account monthly. It is your own responsibility to verify payments and the correctness of the information as portrayed on your account. If any deviation or inaccurate details occur, please contact Mrs W Myburgh at the school immediately.

We appreciate your cooperation in this regard.

DOCUMENTATION

At recent nationwide Governing Body Elections, it's been decided that the following documents, as requested from NCDOE, should be submitted as means of identification of parents:

Any person who enters a learner MUST comply to the following regulations, and the necessary documentation must be sent to the school urgently.

A **BIOLOGICAL PARENTS**
Definition: Learners who stay with the biological parents.
Both biological parents' identity document must be attached. A certified copy of the death certificate of a deceased biological parent must be attached.

B **LEGAL GUARDIANS**
Definition: Legal guardianship of the child must be conferred by a court. A certified copy of any court order, any claim for legal guardianship, or any similar right of the person ("parent") must be provided.

C **OTHER**
The category "OTHER" may be sensitive and we apologise in advance, but unfortunately it is what the regulations imply.
Definition: Learners who do NOT live with their biological parents / legal guardians as defined by A and B.
Should a learner live with a person who fulfils the role/function of a parent, the following documentation must be handed in:

The certified copies of the death certificate of both biological parents as well as a sworn affidavit that confirms that the learner stays with guardians who fulfil the role of parents. This data must also reflect on the school's system as checked by you.

All the above categories are then also responsible for the learner's school fees and ALL school fee documentation must adhere to category A, B or C.

From 1 January 2016 the above mentioned documentation needs to be submitted in order to be enrolled as learner of De Aar High School. This serves for enrollment **AND** school fee purposes.

A process of verification will be initiated to determine whether existing learners' documentation is incomplete, whereafter parents will have 30 days to submit the correct documents. Should your documentation not be up to date, your child will not be re-admitted in 2018.

The same arrangement is put in place for school fee documentation. A huge effort will be launched to distribute the necessary documents before the closing of schools for December. Learners whose documents are outstanding or incomplete on 17 January 2018, will not be re-admitted.

Furthermore, notice is given, that if a parent wish to have an appointment with a staff member of De Aar High School, you may be required to have proof of your identity. This measure is to ensure that the information, which can be confidential or personal, is only discussed with the lawful parent/guardian who entered the child and is responsible for the school fees.

The majority of you give your cooperation on a continuous basis and we are very grateful to you. Thank you.

SKOOLFONDS

Baie dankie aan al die ouers/voogde wat betyds u verpligtinge en verantwoordelikheid nakom, ASOOK u skoolfonds getrou betaal.

Hoërskool De Aar is volgens die Noord-Kaap Onderwysdepartement 'n kwintiel 5-skool. Daar is twee belangrike gevolge wat daaruit voortspruit:

- 'n Kwintiel 5-skool word geklassifiseer as die welvarendste groep skole. Die totale Departementele toekenning (geld wat die NKOD aan Hoërskool De Aar gee) vir die hele boekjaar van 1 Januarie 2017 tot 31 Desember 2017, is 'n skamele R59 969.
- Die tweede en belangrikste implikasie vir u as ouer, is dat Hoërskool De Aar skoolfonds **mag en moet** hef om te oorleef. Daar is ander skole (kwintiel 1- en 2-skole) waar GEEN skoolfonds gehef mag word nie. U het besluit, om verskeie redes, dat u u kind in Hoërskool De Aar wil inskryf. U keuse om u kind by Hoërskool De Aar in te skryf, vereis sekere verantwoordelikhede. Een daarvan is om u skoolfonds getrou te betaal. As u nie bereid is om dit te doen nie, is u welkom om u kind by 'n skoolfondsvrye skool in te skryf. Verder wil ons glo dat dit vir elke ouer 'n voorreg moet wees om u kind met trots by die beste skool in te skryf, en nét so met trots u finansiële verpligtinge teenoor Hoërskool De Aar nakom. Daar is egter ook wetgewing in hierdie verband wat deur die Beheerliggaam van Hoërskool De Aar eerbiedig word in terme van skoolfondsvrystellings.

Die volgende bykomende reëlings is deur die Beheerliggaam goedgekeur met onmiddellike effek om te probeer verseker dat skoolfonds op datum betaal word.

- Geen oorplasingsertifikaat sal, aan leerders wie se ouers met skoolfonds agterstallig is of enige ander uitstaande items, uitgereik word nie.
- Geen getuigskrifte sal aan leerders wat enige uitstaande rekeninge, soos byvoorbeeld vir sport, uitstaande boeke en wie se skoolfonds nie op datum betaal is nie, uitgereik word nie.
- **Graad 12-leerders wie se skoolfonds nie op datum is nie, sal nie toegelaat word om die matriekafskeid by te woon nie, en sal ook nie hul matriekbaadjies ontvang nie.**
- U as ouer/voog kry elke maand 'n skoolfondsrekening. Dit is u verantwoordelikheid om elke maand te verseker dat die inbetalings en inligting op u rekening reg is. As daar verskille is, moet u dit asseblief dadelik met me Wilna Myburgh opneem.

Nogmaals BAIE DANKIE aan elkeen wat hulle skoolfondsverpligtinge getrou nakom. Al bogenoemde of beoogde maatreëls word beslis nie ingestel om u te benadeel nie, maar om diegene wat uit gewoonte weier om hulle verantwoordelikheid na te kom, tot verantwoording te roep.

Baie dankie vir u samewerking in die verband.

DOKUMENTASIE

Tydens die onlangse landswye Beheerliggaamverkiesing het die volgende dokumentasie, soos vereis deur die NKOD, gedien as vorm van bewys van ouers/voogde:

Enige persoon wat 'n leerder inskryf, MOET aan die volgende regulasies voldoen, en die skool moet voorsien word van die tersaaklike dokumentasie.

A **BIOLOGIESE OUERS**

Definisie: Kinders wat by hulle biologiese ouers woon.
Beide die ouers moet 'n gewaarmerkte afskrif van hul identiteitsdokument indien. Indien die biologiese ouer(s) oorlede is, moet die skool van 'n doodsertifikaat voorsien word.

B **WETTIGE VOOGDE**

Definisie: Kinders wie se biologiese ouers oorlede is, of kinders wat van hul ouers vervreem is, maar wettige voogdyskap is deur die HOF toegeken. 'n Gewaarmerkte afskrif van die hofbevel wat voogskap of wettige aanspraak op sorg, of enige soortgelyke reg van die persoon ("ouer") wat daarop aanspraak maak, bevestig.

C **ANDER**

Die kategorie "ANDER" kan sensitief wees, daarom vra ons by voorbaat om verskoning daarvoor, maar ongelukkig is dit wat die regulasies impliseer.
Definisie: Leerders wat NIE by hulle biologiese ouers / wettige voogde soos omskryf in A of B woon nie.
Indien 'n leerder by 'n persoon (wat die rol/funksie van 'n ouer vervul) bly, moet die volgende dokumentasies ingedien word:

Die gewaarmerkte afskrif van die doodsertifikaat van beide biologiese ouers asook 'n beëdigde verklaring, wat bevestig dat die leerder by die voogde woonagtig is én dat hulle die rol van ouers vervul.

U is verantwoordelik vir die leerder se skoolfonds hetsy u in kategorie A, B of C val. ALLE skoolfondsdokumentasie moet dus aan kategorie A, B of C voldoen.

Vanaf 1 Januarie 2016 is dit ook dié dokumentasie wat ingedien moet word alvorens 'n leerder aanvaar gaan word as 'n leerder by Hoërskool De Aar, beide vir inskrywings- **EN** skoolfondsdoeleindes.

Daar sal met 'n proses van verifikasie begin word om ouers van bestaande leerders te identifiseer wat se dokumentasie onvolledig is. Hierdie ouers sal 30 dae tyd kry om die korrekte dokumentasie in te dien. Indien u in gebreke bly, sal u kind nie vir 2018 hertoegelaat word nie.

Dieselfde reëling sal geld vir skoolfondsvorms wat jaarliks voltooi moet word. Daar sal 'n groot poging aangewend word om daardie inligting alreeds **voor** die skole in Desember sluit, in te kry. Kinders wie se vorms nog uitstaande of onvolledig is teen 17 Januarie 2018, sal nie toegelaat word nie.

Verder moet u ook kennis neem dat indien u 'n afspraak met 'n personeellid van Hoërskool De Aar maak, u versoek kan word om u identiteitsdokument te toon. Dit word gedoen om te verseker dat daar met die regte ouer of wettige voog, wat die kind ingeskryf het **EN** verantwoordelik is vir die skoolfonds, vertroulike inligting gedeel word. U sal nie daarvan hou as u kind se vertroulike inligting met vreemdes gedeel word nie.

Die meerderheid ouers gee op 'n deurlopende basis hul volle samewerking. Daarvoor is ons opreg dankbaar.

Baie dankie aan almal wat hul skoolfonds getrou én betyds betaal. 'n Beroep word gedoen op diegene wat agterstallig is met hul skoolfonds om asseblief u rekening te vereffen. Dit is nie vir die skool of die betrokkene aangenaam wanneer verdere stappe geneem moet word nie. Alle uitstaande skoolgeld vir 2017 is voor/op 7 November 2017 betaalbaar.

Kommunikasiekanale

Die Beheerliggaam of onderwysers ontvang van tyd tot tyd skrywes van ouers en leerders insake klagtes of voorstelle wat anoniem is.

Dit was nog altyd die beleid van die skool dat elkeen se skrywes as vertroulik behandel sal word. Daar is egter 'n mite dat u klagtes daartoe kan lei dat u kind in die hele proses benadeel kan word. Beide die Beheerliggaam en die skool wil u verseker dat u skrywe professioneel hanteer sal word en wil u dus versoek om u naam by u skrywes by te sit sodat terugvoer aan u gegee kan word.

Textbooks and exercise books

Every pupil from Grade 8 to 12 will be issued with a text book in 2018. It is the responsibility of the pupil to keep the book in the same condition as when he/she received it. If a book is damaged or lost, you as the parent will be held accountable. **It is the policy of the National Department of Basic Education that no textbooks will be issued in 2018 if there are any text books outstanding from the previous year.** Initial exercise books will be issued to the learners for 2018.

Habitual Latecomers

We would like to thank all parents/guardians/learners who see to it daily that their children are at school, punctually.

Unfortunately, there are a few parents/guardians/learners who do not comply with this arrangement and make a habit of being late. Very valuable time and energy is wasted in this process.

Thus, in future, De Aar High School's gate will be locked. **Gates will be closed 3 minutes after the school bell rang**, for the beginning of the day. Latecomers will not be allowed to enter the school premises.

Parents/guardians/learners who experience serious problems on a given day, with circumstances outside their control, and who realise they will therefore be late, may contact the school five minutes before the commencement of the school day, to make the necessary arrangements.

Laat Kommers

Baie dankie aan al die ouers/voogde wat sorg dra om toe te sien dat u kind betyds by die skool is. Daar is egter ouers/voogde/leerders wat nie hierdie verantwoordelikheid pligsgetrou nakom nie en gereeld die skool ontwrig deur laat te kom vir skool. Baie waardevolle tyd en energie word deur personeel op hierdie saak gemors.

Hoërskool De Aar se hekke gaan dus daagliks **3 minute na die skoolklok aan die begin van die dag gelui het, sluit.** Leerders wat uitgesluit is, gaan nie toegelaat word om die skoolterrein te betree nie.

Ouers wat ernstige probleme ervaar om u kind betyds by die skool te kry, weens omstandighede buite u beheer, kan die skool skakel tot 5 minute voor die skool in aanvang neem om reëlings te tref.

Afwesighede

1. Nuwe wetgewing van die Nasionale Onderwysdepartement in verband met afwesighede is ontvang: U kind is veronderstel om skool by te woon. Indien 'n leerder vir **10 agtereenvolgende dae afwesig is**, sonder 'n wettige verskoning, sal so 'n leerder van die register verwyder word en geag word dat hy/sy die skool verlaat het. 'n Wettige verskoning sal met die **nodige dokumentasie** (mediese sertifikaat, doodsertifikaat ens.) vergesel moet word.

   Hoërskool De Aar se beleid t.o.v. afwesighede word weer vir kennisname onder u aandag gebring. Die verantwoordelikheid om onderstaande na te kom, berus by die ouer en die kind en **NIE** by die onderwyser of die skool nie:

2. Indien 'n leerder gedurende die kwartaal vir een dag afwesig is, moet die ouer die skool per brief of telefonies in kennis stel op **dieselfde dag** met een van die volgende redes:

• Act of Nature • Appearance at court • Death of family Member • Exceptional Circumstances • Family Responsibility • Hospitalized • Ill/Sick • Medical Appointment • Physical or Psychological illness • Pregnancy / giving birth • Religious / Cultural observances • Study leave	• Natuurramp / natuurlike oorsaak • Verskyning by die hof • Dood van familielid • Uitsonderlike omstandighede • Gesinsverantwoordelikheid • Gehospitaliseer • Siek • Mediese afspraak • Fisiese of sielkundige siekte • Swangerskap / bevalling • Godsdienstige / kulturele gebruike • Studieverlof

Die bewys vir die afwesigheid (sieksertifikaat, sterftesertifikaat, ens.) kan ingedien word op die eerste dag wat die leerder terug is by die skool.

3. Indien ‘n leerder vir meer as een dag afwesig is, moet die leerder met sy terugkoms die dokumentasie (mediese sertifikaat, doodsertifikaat, ens.) voorlê. Hierdie verantwoordelikheid berus by die leerder en sy/haar ouer.
4. Indien ‘n leerder bogemelde vereistes nakom, sal hy/sy afwesig gemerk word vir deurlopende evaluering. Indien nie, sal hy/sy nul kry.
5. Wanneer eksamens afgelê word (ook gedurende die kwartaal vir vakke soos tale, ens.), moet ‘n mediese sertifikaat voorgelê word indien ‘n leerder afwesig is. Indien nie, sal die leerder nul kry vir daardie gedeelte van die werk.
6. Indien ‘n leerder afwesig is vir goedgekeurde sportaktiwiteite, sal die leerder ‘n afwesig kry en nie ‘n nul nie.
7. ‘n Leerder is self verantwoordelik vir die inhaal van werk wat tydens sy afwesigheid afgehandel is. Ons beveel die volgende reëling aan:
   7.1 Die leerders moet by die betrokke onderwyser uitvind watter werk gedoen gaan word en watter huiswerk afgehandel moet word <u>voordat</u> hulle weggaan.
   7.2 Op die eerste dag van skoolbywoning na die afwesigheid, kan die leerder die huiswerk merk en is die leerder dadelik weer op datum.
8. ‘n Leerder wat die skool weens siekte verlaat, voordat die leerder vir ‘n tydperk van drie uur skool bygewoon het, sal as afwesig geag word en die prosedure soos vir afwesigheid geld.

Beleid: Afwesigheid dag voor sport

Indien ‘n leerder die dag voor die byeenkoms weens ‘n siektetoestand vir skool afwesig is, moet ‘n doktersbrief op ***<u>dieselfde dag</u>*** as waarop die leerder afwesig is aan die skool verskaf word, om te bevestig dat die leerder wel in staat is, en mag deelneem aan die volgende dag se wedstryd / aktiwiteit. By gebreke hiervan, sal die leerder nie toegelaat word om deel te neem nie.

Vir enige ander rede vir afwesigheid, byvoorbeeld tandarts- of doktersafprake in ander dorpe / stede, begrafnisse en so meer, moet ‘n geldige bewys 48 uur ***<u>voor</u>*** die wedstryd / aktiwiteit by die skool ingedien word. By gebreke sal die leerder nie toegelaat word om deel te neem nie.

Geen ander verskoning of skrywe sal aanvaar word as die amptelike skrywe van die dokter en/ of instelling nie.

Verlore goedere

Daar is heelwat items by die skool wat na sportgeleenthede in busse agtergebly het en gereeld op die skoolterrein opgetel word. Doen asseblief by die kantoor navraag indien u kind iets verloor het. Hierdie goedere gaan nie meer onbeperk gehou word nie, aangesien dit baie plek neem.

Learners and Facebook

It appears that learners are unaware of the impact of their facebook status updates, and the consequences thereof.

Any status or comment that offends a person or institution's dignity, or which aim is to belittle or insult a person or institution, may be viewed according to the South African justice system as crimen injuria (blasphemy). This is a charge according to the criminal and civil law.

There are reported cases in South Africa where individuals were arrested and summonsed for slander and blasphemous comments on Facebook.

Therefore, we urge learners and parents not to make known their grievances via Facebook or social media, but to rather resolve these matters mutually among themselves or to address the school in person.

If a learner involves him/herself in a criminal charge of this nature, the school will dissociate itself from such a learner and he/she will have to bear with the consequences.

Cellphones and electronic devices

Due to technology changing and improving at a fast rate, there are now devices that are not covered by the cellphone policy of the school. The Governing Body was forced to review the policy. The policy was reviewed and approved at a Governing Body meeting on 15 May 2017, and now reads as follows:

Informational communication technologies (ICT)

Learners may not be in the possession of any ICT devices during school hours. If an ICT device is found in the possession of a learner, it will be confiscated and kept in the safe.

If the device is confiscated on a Tuesday, Wednesday, Thursday or Friday, the learner will get it back the following Tuesday. If the device is confiscated on a Monday, the learner will get it back the second Tuesday after the Monday. If the learner is in possession of the device during exams or evaluations, the learner will receive 400 penalty points. The learner will also receive a zero for the question paper.

Aangesien die tegnologie so spoedig verander en verbeter, is daar nou weer toestelle wat nie onder die selfoonbeleid van die skool val nie. Die Beheerliggaam was genoodsaak om die beleid te hersien. Die beleid is hersien en goedgekeur op 'n Beheerliggaamvergadering van 15 Mei 2017 en sien nou as volg daarna uit:

Inligting Kommunikasietegnologie (IKT)
Leerders mag geen IKT-toestelle in hul besit hê, gedurende skoolure, nie. Indien 'n IKT-toestel wel in 'n leerder se besit gevind word, sal die toestel afgeneem en in die kluis gebêre word.

Indien die toestel op 'n Dinsdag, Woensdag, Donderdag of Vrydag afgeneem word, kan die leerder die toestel die daaropvolgende Dinsdag terugontvang. Indien die toestel op 'n Maandag afgevat word, sal die leerder die toestel op die tweede Dinsdag na die Maandag ontvang. Indien die leerder egter die IKT tydens eksamens of evaluering in sy/haar besit het, sal hy/sy 400 strafpunte vir eksamen of evaluering ontvang. Die leerder sal ook nul kry vir die vraestel.

Beleid – Akademiese onreëlmatighede

1. **Klastoetse waar punte nie vir evaluering tel nie**

Oortreding	Straf
1.1 Oneerlik - Afkyk – by ander persoon van boek / notas – afskryf – ander persoon se werk	50 punte vir oneerlikheid

2. **Gedurende enige Deurlopende Evaluering (Eksamens uitgesluit)**

Oortreding	Straf
1.1 Oneerlik - Afkyk – by ander persoon van boek / notas – afskryf – ander persoon se werk	0 vir spesifieke evaluering 400 strafpunte vir oneerlikheid
1.2 Praat	150 strafpunte vir ernstige ontwrigting
1.3 Voortdurende steurnis	150 strafpunte vir ernstige ontwrigting
1.4 In besit van selfoon	0 vir spesifieke evaluering Selfoon afgeneem vir 7 dae

3. **Tydens Eksamens**

Oortreding	Straf
2.1 Oneerlik - Afkyk – by ander persoon van boek / notas – afskryf – ander persoon se werk	0 vir vak 400 strafpunte vir oneerlikheid
2.2 Praat	150 strafpunte vir ernstige ontwrigting
2.3 Voortdurende steurnis	150 strafpunte vir ernstige ontwrigting
2.4 In besit van selfoon	0 vir vak Selfoon afgeneem vir 7 dae
Vir enige Deurlopende Evaluering gedurende die kwartaal waar die leerder onskuldig pleit moet 'n Dissiplinêre verhoor binne dieselfde kwartaal plaasvind. Indien skuldig bevind word, moet leerders 0 kry vir daardie evaluering en gewone straf na aanleiding van strafpunte. Indien leerder skuld erken, word 0 vir evaluering gegee en dissiplinêre prosedures gaan normaal voort. Vir onreëlmatighede tydens eksamens waar die leerder onskuldig pleit, moet die Onreëlmatighede-komitee onmiddellik byeengeroep word om 'n beslissing te maak.	

BUITEMUURS EN SPORT

ATKV Senior Afrikaans Olimpiade

Vier leerders van Hoërskool De Aar het die afgelope kwartaal aan die ATKV Senior Afrikaans Olimpiade vir Huistaalleerders deelgeneem. Al die verskillende genres van Afrikaans word in hierdie drie-uur lange vraestel getoets. Die leerder moet dus oor 'n wye kennis van veral taal en letterkunde beskik.
Daar het landswyd altesaam 2079 leerders aan die Olimpiade deelgeneem.

Al vier leerders van Hoërskool De Aar, Surina Le Roux, Chardè Vries, Chandrè Ebersohn en Charlene Visser, het baie goed gevaar. Hierdie leerders het almal beter presteer as die landwye gemiddeld van 53%. Charlene Visser het egter uitmuntend presteer deur 'n vyftiende plek in die Noord-Kaap met haar uitslae te behaal. Voorwaar 'n prestasie om op trots te wees.

FAK Afrikaans Ekspo

Johan Hattingh het hierdie jaar twee van sy gedigte vir die FAK Afrikaans Ekspo ingeskryf. Die twee gedigte wat hy ingeskryf het, was "keuses" en "Protes van die wind". Albei die gedigte het goed gevaar en silver sertifikate ontvang.
Baie geluk met die goeie uitslae.

Spelkompetisie

Tydens die tweede kwartaal het Hoërskool De Aar 'n spelkompetisie gehou wat 'n dubbele doel het. Eerstens poog Hoërskool De Aar deurlopend om die leerders se spel en skryfvernuf te verbeter. Tweedens dien die kompetisie as 'n fondsinsameling vir die Taal Departement en word die geld gebruik om nuwe voorgeskrewe boeke vir die leerders te koop.

Die uitslag is as volg:
Graad 8 en 9 - 1. Cara Clarck 99/100, 2. Christine de la Querre 99/100, 3. Ayola Cube 98/100.
Graad 10-12- 1. Amoré Barnard 147/150, 2. Giovanni Makaleni 144/150, 3. Nathi Bambiso 143/150.

Drama

Veertien van die skool se senior drama-leerders het gedurende die derde kwartaal die toneelstuk, Die Hagen's, gedurende die Boet Troskiedag opgevoer.

Die volgende week is die leerders na die ATKV-Tienertoneel in Bloemfontein waar hulle aan die toneelkompetisie deelgeneem het. Die leerders het die individuele rolle baie goed vertolk en dit baie geniet. Min fout is deur die beoordelaars gevind, ongelukkig word daar na meer abstrakte temas gesoek en was dit dan hulle laaste optrede.

Karoo Eisteddfod

Verskeie leerders van Hoërskool De Aar het vanjaar weer aan die plaaslike Karoo-Eisteddfod deelgeneem. Die leerders het aan verskeie kategorieë deelgeneem waar hul met hul talente kon woeker. Weereens is daar nie teleurgestel nie en het die leerders behoorlik op elke vlak uitgeblink.

Die volgende leerders het uitmuntende prestasies gelewer:
Christie Venter- Fotografie: 1 x trippelgoud, 3 x dubbelgoud asook die beker vir die beste prestasie in beeldhou.
Elmè Venter- Fotografie: 6x trippelgoud en 1 x dubbelgoud
Thandokazi Ntozini- Fotografie: 1 x dubbelgoud
Elske Du Toit- Visuele kunste: 1 x silwer, 1 x dubbelgoud, 1 x trippelgoud. Fotografie: 1 x trippelgoud en 6 x dubbelgoud
Lara McGee- Visuele kuns: 7 x goud en 4 x dubbelgoud
Johan Hattingh- Kreatiewe Skryfkuns: 1 x silwer, 2 x goud en 1 x dubbelgoud.
Babalwa Mdebuka- Spraak en Drama:1 x goud
Sinovuyo Xabela- Spraak en Drama: 1 x goud, Sang: 2x dubbelgoud, 1 x trippelgoud asook 'n sertifikaat vir uitsonderlike prestasie in sang.
Unam Mxaxa- Sang: 1 x goud, Spraak en Drama: 2 x dubbelgoud, 2 x trippelgoud, 'n sertifikaat vir uitstaande prestasie in Drama asook die beker vir die beste prestasie in Drama.
Johan Hattingh, Unam Mxaxa en Elske du Toit ontvang sertifikate vir uitsonderlike prestasie gelewer.
Baie geluk aan al die leerders met hul pragprestasies.

'n Groot dankie aan Khazimla wat hierdie geleentheid aan ons leerders bied.

Melodrama

Soos gewoonlik was Hoërskool De Aar se Melodrama 'n hoogtepunt op die jaar se kalender. Die personeel het die tyd teruggedraai en die 80's weer 'n werklikheid op die verhoog gemaak.
Sterre soos Bryan Adams, ABBA en AC-DC het die gehoor op hul voete gehad.

Alle fondse wat geïn word tydens hierdie geleentheid gaan as finansiële ondersteuning vir ons leerders.

Volgende jaar voer ons weer beroemdes in vir die geleentheid. Maak 'n aantekening in jou dagboek. Dis vermaak wat jy nie wil misloop nie.

Wêreldkennis Olimpiade vir Sekondêre skole

Jaarliks neem leerders aan 'n landwye Wêreldkennis Olimpiade deel. By die geleentheid word hul kennis rakende wêreldsake en gebeure getoets.
Vyf en dertig leerders van Hoërskool De Aar het hierdie jaar deelgeneem. Vier het bronssertifikate ontvang. Hulle is: Johan Hattingh, Ryan Swart, Enrique Bezuidenhout en Enchanté du Preez.

Ekspo vir jong wetenskaplikes

Waterwese:
Vir die eerste keer het drie van ons leerders aan Waterwese se Ekspo deelgeneem. Armand van der Mescht, Samukele Masuku en Christie Venter het daarin geslaag om vir die Noord-Kaap aan hul Nasionale Kompetisie te gaan deelneem. Hul projek het daaroor gehandel om 'n werkbare metode te vind om te verhoed dat sonverwarmers nie oorkook as die omgewingstemperatuur te hoog word nie en sodoende water te spaar.
Hul wen al drie beurse vir na-skoolse opleiding.

Eskom:
Vanjaar het ons die datums van ons eie skool se Ekspo vervroeg na die einde van die eerste kwartaal om sodoende meer tyd te hê om projekte tydens die tweede kwartaal op te gradeer vir die Kimberley Ekspo. Ongelukkig het die datum van die Ekspo met ons sportwedstryde teen Kathu gebots en slegs nege projekte is ingeskryf.
Ons wen 1 silwer en 4 brons medaljes in Kimberley.

Debate and Public Speaking

This term the debate learners at De Aar High School participated in the Road Safety Debate Competition. The team consisted of five learners who participated in three rounds. These learners were Lihandri Saunders, Sinivuyo Xabela, Thandokazi Ntozini, Ogiya Madyo and Unam Mxaxa. The final round took place on 19 August 2017, at the Department of Education.

The team that represented the Pixley ka Seme urban team, was also chosen that day. Ogiya Madyo and Unam Mxaxa was part of this team that went to Upington on 26 August 2017.

The team that will have to present the Northern Cape was chosen over that weekend. Ogiya and Unam were included in this team, as well. The National competition is taking place during the coming holiday. We wish the team the best of luck.

VCSV

Die derde kwartaal skop af met 'n Madiba 67 Minute Walk ten bate van kankernavorsing. Kringleiers het pienk strikkies gemaak wat die leerders tydens die siwwie-dag kon dra. Die aand is daar vir 67 minute om die atletiekbaan gestap. Saam met ouers, personeel en leerders van LDA was dit 'n heerlike geleentheid.

Leerders het slaapsakke uit ou koerante gemaak. Tien van die slaapsakke is na 'n gemeente in Phillipstown gestuur om daar onder behoeftige mense uit te deel. Die res van die slaapsakke is na die asgate geneem waar dit saam met sop en toebroodjies uitgedeel is. Een van die kringleiers het 'n boodskap gebring. Die leerders was dit eens dat hulle oë vir armoede oopgegaan het.

Daar is elke Donderdag in kringe vergader en 'n bybelles is bespreek. Ons sluit die werksaamhede af met 'n heerlike koek eet-geleentheid.

Hiermee baie dankie aan Salvanie Manuel en haar span vir 'n geseënde jaar saam.

Skaak

Op 11 en 12 Augustus het die jaarlikse Noord-Kaap Skaakproewe te Upington plaasgevind. Die kompetisie was sterk, maar ons leerders het vasgetrap en gewys van watter stofasie hul gemaak is.

Beau-Paul Hussein, Unam Mxaxa, Lihandri Saunders en Thandokazi Ntozini is in die Noord-Kaap skaakspan ingesluit en gaan die provinsie verteenwoordig by die SA's in Desember. Baie geluk aan hierdie leerders!

Netbal

Ons sluit die netbalseisoen af met die laaste wedstryd teen Hoërskool Kathu. Al ons spanne speel vir oulaas hul wedstryde alhoewel daar heelwat siek spelers is wat nie kan saamgaan Kathu toe nie. Die vakansie se lang rus veroorsaak dat die spelers se stamina nie na wense is nie. Hul bly aanvanklik goed by in al die wedstryde, maar Kathu kry elke keer die oorhand in die laaste gedeelte van die wedstryd.

Die eerstespan speel uitstekende netbal. Hul positiewe gesindheid en samespel was opvallend die hele seisoen. Ongelukkig kon hulle ook nie die knoop deurhaal nie.

Tennis

Marco Wasserman Tennistoernooi

Hoërskool De Aar se tennisspelers het soos oudergewoonte hierdie jaar weer aan die jaarlikse Marco Wasserman Tennistoernooi op Middelburg deelgeneem.

Hierdie toernooi word aan Marco Wasserman opgedra wat op veertienjarige ouderdom aan 'n motorongeluk oorlede is en wat die "no blame game" gespeel het. Hy was lief om dubbels tennis te speel en daarom is die toernooi in die formaat van seuns- en dogtersdubbels asook gemengde dubbelswedstryde. Die doel van hierdie toernooi is om die spel van tennis in al sy fasette te geniet en fokus nie so seer op wenner nie.

Hoërskool De Aar het hierdie jaar twee seuns-en twee dogterspanne ingeskryf, wat onderskeidelik in die A-en B-liga deelgeneem het. Daar is teen skole soos Hoërskool Midelburg, Union, Volksskool, P.J. Olivier en Grens (gekombineerd) deelgeneem in baie koue weersomstandighede, maar elke speler was baie positief.

Op Vrydag 25 Augustus 2017 is daar drie rondtes gespeel en op Saterdag 26 Augustus 2017 die laaste twee rondtes. Na afloop van die laaste rondte was daar 'n prysuitdeling waar heelwat van Hoërskool De Aar se tennisspelers pryse gewen het.

Hoërskool De Aar se tennisspelers het hierdie toernooi baie geniet en eindig algeheel derde in beide die A-en B-afdelings.

Middelburg

Daar heers tans gesonde kompetisie tussen Hoërskool De Aar en Hoërskool Middelburg.
Op Dinsdag 5 September 2017 het Middelburg teen Hoërskool De Aar gespeel op De Aar. Daar was enkels-, dubbels- en gemengde dubbelswedstryde gespeel en almal het dit baie geniet. Hoërskool De Aar tree as oorwinnaars uit die stryd en wen Middelburg 22-20. Baie dankie aan almal wat Hoërskool De Aar ondersteun het.

Tennistoer

Hoërskool De Aar se spelers sien baie uit na die tennistoer na Hartenbos en Mosselbaai wat in die Oktobervakansie plaasvind. Daar gaan teen skole soos Hoërskool Punt, Outeniqua, Curro Mosselbaai en Riversdale gespeel word.

Krieket

Die krieketseisoen het weer aangebreek en die seuns is hard aan die oefen. Weens siekte en ander faktore het ons 'n tekort aan spelers gehad vir ons eerste wedstryd. Ons het besluit om met 'n gemengde span teen Hoërskool Orion te speel. Die seuns het baie goed gespeel en daarin geslaag om die wedstryd met drie paaltjies te wen.

Die o.15-krieketspan het in hulle wedstryd teen Hoërskool Orion, met goeie kolfwerk deur die jong spelers, die wedstryd met vyf paaltjies gewen.

Die o.19-krieketspan se wedstryd was ook teen Hoërskool Orion, en het met aggressiewe boul- en veldwerk die span oortuigend met 75 lopies gewen.

Ons is baie trots op ons krieketspelers wat pligsgetrou oefen en sien uit na die liga wat volgende kwartaal begin.

Rugby

O.19

Hoërskool De Aar het die eerste naweek van die kwartaal na Kathu gereis. Die laaste ligawedstryde vir die jaar het die eerstespan op ‘n hoë noot afgesluit. Die span het puik rugby gespeel en die magtige Kathuspan 36-12 verslaan.

Hoërskool De Aar het teen Hartswater in die semifinaal van die liga verloor. Die telling was 24-27.

O.17

Tydens die Junievakansie het Hoërskool De Aar se onder 17-rugbyspelers uitstekend presteer. Bernard Venter (onder 16 Valkeweek), Mourits Erasmus en Christie Venter (o.17 Rhinoweek) verteenwoordig die Noord Kaap. Sku Jacobs, Elroy Cloete, Otto wilson, Christie Venter, Mourits Erasmus, Tiaan Duthie, Malcolm Visagie, Clint Isaacs en Caydall Lourens verteenwoordig die Pixley ka Seme streekspan wat aan die GWK-week deelneem. Mnr Jan Botha is ook afrigter van die streekspan.

Ons wens vir Mourits Erasmus en Bernard Venter geluk, hulle was kapteine van hul onderskeie spanne. Hoërskool De Aar se o.17-rugbyspan het die laaste ligawedstryd van die jaar 22-19 verloor. Hulle was egter nog steeds bo aan die punte-leer en kwalifiseer vir die semifinale.

Hoërskool De Aar verloor die semifinaal 15-5 teen Hoërskool Kathu. Die spelers het hul beste probeer en baie goeie rugby gespeel. Die span wen 7 uit 9 wedstryde vir die jaar en het hierdie suksesvolle seisoen baie geniet.

O.15

Die o.15-span van Hoërskool De Aar het die kwartaal baie hard gewerk en die vrugte daarvan gepluk. Die span het nie net die Medium Skole Liga gewen nie, maar ook daarin geslaag om Hoërskool Vaalharts ‘n ordentlike loesing van 43-14 te gee nadat hulle hul liga-wedstryd teen die skool verloor het.

Ons moet sê dat daar ‘n duidelike groei in die spelpyl én die visie van die spelers ontwikkel het, en dat hul besluitnemingsvaardighede uitsonderlik verbeter het.

Dankie aan al die ouers en ondersteuners vir ‘n wonderlike jaar van skouspelagtige rugby asook die pragtige gesindheid van u kinders. Ons begin nou alreeds aan ‘n span vir volgende jaar bou en hoop om dieselfde resultate te hê. Arendgroete!

Hokkie

Al die hokkiespanne het die seisoen afgesluit met die Plattelandse Toernooi wat in Upington gehou is. Die spanne het hul baie goed van hul taak gekwyt en uitmuntende hokkie gespeel. Hoërskool De Aar het selfs gedugte spanne soos Duineveld en Upington op hul tone gehou. Die derdespan eindig derde, die tweedespan tweede en die eerstespan derde. Heelwat wedstryde is gespeel.

Daar is beslis heelwat jong talent onder die dogters wat die volgende seisoen die skoene van ‘n bykans nuwe eerstespan sal moet volstaan.

Buitemuurs – Somerprogram kwartaal 4

Maandag
13:30 – 14:45 Graad 8 en 9 Engels ekstra klasse / Wiskunde ekstra klasse graad 8
14:00 – 15:00 Seuns spantennis
15:00 – 16:00 Dogters spantennis
15:00 – 16:00 Krieket (0.15)
16:00 – 17:00 Krieket (eerstespan)
16:00 – 17:00 Atletiek
17:00 - 18:00 Pompom-dansers
17:00 – 18:00 Netbal / Hokkie / Rugby
18:00 – 19:00 Prosa en gedigte

Dinsdag
13:30 – 14:30 VCSV Toerusting / Wiskunde Ekstra klasse graad 8 en 10
13:45 – 14:15 Swem
14:30 – 15:30 Ontwikkeling Tennis
15:00 – 16:00 Krieket (0.15)
16:00 – 17:00 Krieket (eerstespan)
16:00 – 17:00 Atletiek
16:00 – 17:00 Trompet

Woensdag
13:30 – 14:15 Graad 8 en 9 Afrikaans ekstra klasse / tik van take
13:30 – 14:45 Graad 11 Wiskunde ekstra klasse
14:30 – 15:30 Debat en redenaars en Skaak
15:30 – 17:00 1 Bedryf / Prosa en Gedigte
16:30 – 17:30 Pompom-dansers
16:45 – 17:45 Sanggroep
17:00 – 18:30 Netbal / Hokkie / Rugby

Donderdag
13:30 – 14:15 Graad 9 Wiskunde Ekstra klasse
14:00 – 15:00 Swem
14:00 – 15:00 Seuns spantennis
15:00 – 16:00 Dogters spantennis
15:00 – 16:00 Krieket (0.15)
16:00 – 17:00 Krieket (eerstespan)
16:00 – 17:00 Atletiek
16:45 – 17: 45 Sanggroep
17:30 – 18:30 Debat en Redenaars

Datumlys vir vierde kwartaal

OKTOBER

Ma	**9**	Skool open - 07:30 Somertye	Begroting lê ter insae Inoefening vlagseremonie
Di	**10**	Inoefening van vlagseremonie	Krieket vs Middelburg (tuis)
Wo	**11**	Inoefening vlagseremonie	SR Jaarverslag en tee Rapportafskeurstrokies en koeverte terug
Do	**12**	Toekenningsgeleentheid : 19:00	
Vr	**13**	Novels tennis naweek **DETENSIE**	Gr12 uitstapdag - 07:00 en Pledge signing Gr12 eksamenvergadering
Sa	**14**	Novels tennis naweek Rugby: o.19 Toets - Kovsies	Skaak
Ma	**16**	Koshuiskomitee - 14:00	**NSS CAT Vraestel 1**
Di	**17**	Dissiplinêre verhore	
Do	**19**	SR Kamp Bloemfontein	Bloedskenk
Vr	**20**	SR Kamp Bloemfontein	
Sa	**21**	SR Kamp Bloemfontein	
Ma	**23**	HSDA Ouervergadering - 17:30 (Begroting)	SBL Vergadering - 17:45
Di	**24**	HSDA Kleure atletiek 16:00	
Wo	**25**	HSDA Kleure atletiek	
Do	**26**	**NSS Eksamen begin**	
Vr	**27**	Rekeninge aan Ouers – SMS Pixley ka Seme Tennisproewe	**DETENSIE**

NOVEMBER

Sa	**4**	Skaak	
Ma	**6**	Koshuiskomitee - 14:00 Finansiële komitee - 17:15	Gr 10-11 Eksamen begin
Di	**7**	Dissiplinêre verhore	
Wo	**8**	Gr 8-9 Eksamen begin	
Vr	**10**	**DETENSIE**	
Ma	**13**	SBL vergadering - 17:15 Koshuis Ouervergadering - 07:30- Begroting	
Vr	**17**	Rugby : Knipmesbraai	**DETENSIE**
Vr	**24**	Eksamen eindig	

DESEMBER

Wo	**6**	Skool sluit leerders Haal rapporte af 08:00-09:00	

JANUARIE 2018

Vr	**5**	**NSS Uitslae by skole**	